



Die Daad van God

'n Mens leef van die daede van God – dag na dag, ja, elke uur, elke minuut. Dit is immers nie vanselfsprekend dat ons lewe, kan asemhaal, kan eet en drink, dink en praat nie. Die lewe is 'n wonder, 'n daad van God, telkens weer. Helaas raak ons daaraan gewoon; maar dit is goed om weer daaraan herinner te word dat ons van die daede van God lewe.

Die grootste daad van God vir ons is om ons te laat deel in die vergifnis van sonde, en ons geregverdig en sonder skuld voor Hom te laat staan. Paulus het gesê: “*God is dit wat regverdig maak*” (Romeine 8:33b).

Die vraag was: “*Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God?*” (vs. 33a), en die positiewe antwoord is: “*God is dit wat regverdig maak*”. Dit is asof Paulus wil sê: hierdie positiewe feit ontnem die regsgrond van elke beskuldiging en maak elke beskuldiging kragteloos.

God is die regverdigende. In die één woord sit feitlik die hele evangelie; die evangelie van vrye genade, die evangelie van Jesus Christus, die evangelie van redding en bewaring.

Regverdigmaking – wat is dit? Dit is 'n woord wat in die 1933/53 vertaling van die Bybel gebruik word. Die nadeel daarvan is dat die woord ‘maak’, die idee skep van 'n proses wat uiteindelik die resultaat het dat die betrokke regverdig gemaak is. 'n Sondaar word ewenwel nie regverdig gemaak deur iets wat aan hom, met hom of in hom gedoen word nie. Hy kan homself nie deur sy daede regverdig maak nie, en ander kan ook nie so met hom werk dat die uiteindelige gevolg is dat hy nou ‘regverdig’ is nie. Regverdigmaking is 'n verklaring dat 'n sondaar regverdig is.

Dit is die groot daad van God. Hy maak regverdig. Hy verklaar dat 'n sondaar regverdig is. Hy regverdig.

Waarom Hy? Waarom nie Christus nie, of die Heilige Gees?

As Skepper en Wetgewer is Hy ook die Regter. Ons het teen Hom gesondig. Ons staan by Hom in die skuld. Hy het die volste reg om ons vir ewig te veroordeel en 'n streep deur ons lewe te trek. Dit is dieselfde God teen wie ons gesondig het wat regverdig.

Daar is geen ander manier nie. As dit 'n ander was wat regverdig, kon daar nog oor geargumenteer word. As Hy regverdig, kan niemand wettige besware daarteen opper nie.

Wie is regverdiges?

Ons het, en moes, in die katkisasie leer dat die regverdiges van skuld en straf vrygespreek is en reg gegee is op die ewige lewe. Daar word iets van ons weggeneem en iets anders word vir ons in die plek daarvan gegee. In die plek van straf, kry ons die ewige lewe. Daar word 'n streep getrek deur my sonde. Maar dit bly nie daarby nie, want dan sou ek net weer wees waar Adam in die paradys was. Hy kon nog *sondig*, hy was nie sover dat hy nie meer kon sondig en nie meer kon sterf nie. Die regverdiging is só volkome dat die reg op die ewige lewe ook aan my geskenk word.

Dit is die groot en grootste daad van God –'n daad van genade en van reg.

Reg? Het ons reg daarop? Nee, niemand ter wêreld nie; oor welke voortreflike menslike of teologiese eienskappe hy ook al mag beskik. Tog is dit 'n daad van reg. Nie vanweë ons nie, maar vanweë die Here Jesus Christus.

Hoe kan God 'n sondaar van skuld en straf vryspreek? Hy kan, omdat Christus die skuld versoen het, die straf gedra het en die reg op die ewige lewe verwerf het. Hy was gehoorsaam –

gehoorsaam deur te lei aan die einde van sy lewe en gehoorsaam deur die wet van God te doen, sy hele lewe lank.

God regverdig op grond van die geregtigheid wat Christus verdien het, en dié geregtigheid skenk Hy aan sondaars. Dit was die groot ontdekking van Luther, wat die woord geregtigheid gehaat het, totdat hy by en deur die lig van die woord van God ontdek het: dit gaan oor 'n geregtigheid wat geskenk word.

God is nou aan sy Seun verplig – die Seun het reg daarop – om elkeen wat op hierdie geregtigheid vertrou, te regverdig. Nie alleen wil Hy dit nie, maar Hy moet, om Christus' wil.

Genade beteken dus nie dat God die sonde deur die vingers sien nie, maar dat Christus in my plek kon betaal, wou betaal en betaal het. Dat God dit so voorgeneem het en dat dit sy heilsweg is, dit is sy grootste daad! Ewige dank daarvoor!

HJ Velema

© 2018

www.christelikemedia.org

Hierdie artikel is deur Nic Grobler vertaal.